Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2021

AfriForum Tydskrif




## #VatJouToekomsTerug

ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

# #VatJouToekomsTerug

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

Ons as die huidige geslag het 'n verpligting teenoor ons nageslag dat ons nooit mag toelaat dat ons storie as die storie van 'n stagnerende of selfs kwynende kultuurgemeenskap in die geskiedenis opgeneem word nie. As ons moedeloos en apaties raak weens korrupsie, wanadministrasie, nuwe vorme van diskriminasie en die miskenning van ons kultuur en taal, is die logiese uiteinde dat ons gemeenskap slegs 'n voetnota sal wees in die geskiedenis wat vandag gemaak word.

AfriForum se meer as 275 000 aktiewe lede, personeel, ons landwye strukture en vrywilligers stel ons almal in staat om saam 'n ander toekomspad vir ons en ons nageslag te kies. Die Here het vir elkeen van ons hande aan die einde van ons eie arms, 'n gesonde verstand en 'n roepingsbesef gegee waarmee ons hierdie nuwe toekomspad kan bou. AfriForum en die Solidariteit Beweging se veg-en-bou-plan bied 'n werkbare plan waarmee ons saam ons toekoms kan terugvat. In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* word verslag gelewer oor verskeie voorbeelde hoe AfriForum se lede en personeel konstruktief bou, en wanneer nodig teen agteruitgang en wanbestuur veg. Die tema vir dié uitgawe is dus heel gepas #VatJouToekomsTerug. Hierdie tema kan verduidelik word aan die hand van die volgende temas:

## #VatJouVeiligheidTerug

AfriForum plaas druk op die owerheid en die polisie om hulle plig om misdaad te bekamp na te kom deur onder meer internasionale én plaaslike druk teen plaasmoorde en ander geweldmisdaad te mobiliseer, asook deur regsaksies te neem. Dit is egter net twee van die pyle in ons koker en kan nie in die lang termyn die verdere agteruitgang van die polisie verhoed nie. Ons sal toenemend ons veiligheid binne die raamwerk van die wet in ons eie hande moet neem. Juis daarom wend AfriForum 'n wesenlike deel van die organisasie se hulpbronne op veiligheidsterrein aan. AfriForum het reeds 'n netwerk van 159 buurt- en plaaswagte met sowat 15 000 opgeleide vrywilligers landwyd. 'n Nasionale beheerkamer, asook verskeie streeksbeheerkamers is reeds tot stand gebring sodat ons landwyd met ons strukture se duisende tweerigtingradio's kan kommunikeer. Ons bied ook reeds landwyd veiligheids- en noodhulpkursusse aan. Ons het ook meer as 50 hommeltuigoperateurs opgelei en tientalle hommeltuie aangekoop wat tans aangewend word om misdaad te beveg.

## #VatJouOnderwysTerug

Afrikaanse onderwys op sowel skool- as tersiêre vlak verkeer tans onder druk van anti-Afrikaanse aktiviste soos Panyaza Lesufi. AfriForum huiwer nie om in die howe en elders hierteen te veg nie. Hierdie gevegte is belangrik, maar bied ook nie alleen die langtermynoplossing nie. Ons het al suksesse in die howe saam met verskeie Afrikaanse skole én rakende Unisa se taalbeleid behaal. Die negatiewe uitspraak rakende die Kovsie-taalbeleid het egter bevestig dat Afrikaans en ons onderwys nie veilig in die staat se hande is nie. AfriForum en die Solidariteit Beweging se boustrategie bied 'n volhoubare oplossing deur ons onderwys in ons eie hande te neem. Sol-Tech en Akademia, wat albei deel van die Solidariteit Beweging is, se nuwe kampusse in Centurion is 'n bewys dat ons gemeenskap in staat is om self onderwys in Afrikaans te verseker.

Wat skole betref staan AfriForum gereeld openbare Afrikaanse skole by om aanslae af te weer. Dit is egter ook belangrik dat nóg 'n instelling van die Beweging, die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS), 'n tegnologies gedrewe Afrikaanse onderwysplatform genaamd Wolkskool tot stand gebring het en hard werk aan modelle vir bekostigbare Afrikaanse privaat skole. Die infasering van privaat skole sal egter met omsigtigheid hanteer word, sodat die bestaande sterk Afrikaanse openbare skole nie benadeel word nie.






### #VatJouGemeenskapTerug

Die vestiging en uitbouing van sterk, selfstandige gemeenskappe bied aan ons ankers in die onstuimige see van wanbestuur, polarisasie en korrupsie wat ons om ons ervaar. Ons kan nie noodwendig altyd alle agteruitgang om ons keer nie, maar as ons fokus op dit wat ons wel kan doen om ons gemeenskappe selfstandig te maak, kan ons 'n gesonde gemeenskapslewe vir ons en ons nageslag help vestig waarbinne hulle geborge sal voel. AfriForum werk tans aan 'n plan vir gemeenskapsforums op plaaslike vlak in geïdentifiseerde ankerdorpe, wat as neutrale platform sal dien waar verskillende instellings op plaaslike vlak gemeenskaplike uitdagings saam kan aanpak, sonder om afstand te doen van hulle kernfokus. Skole, kerke, kultuur- en maatskaplike organisasies, asook ander gemeenskapsinstellings doen tans reusewerk. Deur gemeenskapsamewerking te bewerkstellig sal hierdie instellings se impak selfs nog groter kan wees.

Soos wat dorpe verder verval, sal hierdie gemeenskapsforums in samewerking met ander kultuurgemeenskappe op plaaslike vlak toenemend moet kyk na maniere waarop gemeenskappe self noodsaaklike dienste kan lewer. Dit lyk dalk onhaalbaar, maar die gemeenskap van Koster het gewys dat omstandighede dit soms wel moontlik maak om self dienslewering aan 'n gemeenskap te kan hanteer. Vir hierdie doel het AfriForum 'n diensleweringsinstelling genaamd Pionier tot stand gebring, wat nou met die gemeenskap van Koster en ander gaan saamwerk om 'n werkbare gemeenskapsdiensleweringsmodel daar te stel.

### #VatJouVryheidTerug

Die probleme in die land is nie net as gevolg van staatskapers soos Jacob Zuma nie. Die dieperliggende probleem is dat die huidige politieke bestel van gesentraliseerde meerderheidsoorheersing dit vir staatskapers moontlik maak om te plunder tot nadeel van alle gemeenskappe. Daarom staan AfriForum die desentralisering van mag in 'n volwaardige federale bestel en selfbestuur voor. Gemeenskappe moet die vryheid hê om self te besluit oor sake wat hulle direk raak.

Plaaslike kultuurgemeenskappe soos die Zoeloes van die Nkungumathe-gemeenskap en honderde ander tradisionele gemeenskappe reg oor die land word as 'n normale verskynsel aanvaar. Daarom werk AfriForum mee om te help om toe te sien dat gemeenskappe waar Afrikaners en bruin mense in 'n geografiese gebied die meerderheid vorm, dieselfde soort erkenning kry. Daar is niks vreemd daaraan nie, maar wat wel vreemd is is dat almal met gemak oor kulturele gebiede mag beskik, behalwe bruin mense en Afrikaners. AfriForum sal help om toe te sien dat bruin gemeenskappe soos Concordia en 'n Afrikanergemeenskap soos Orania dieselfde behandeling kry as ander kultuurgemeenskappe in die land.

> **Dit is bevrydend om te weet dat ons toekoms nie uitgelewer is aan 'n plunderende sentrale regering nie.**

AfriForum se plaaslike strukture in die Wes-Kaap het ook eenparig 'n mosie aanvaar dat AfriForum moet meewerk om groter federale magte vir die Wes-Kaap 'n werklikheid te maak. In 'n meningspeiling onder AfriForum-lede in die Wes-Kaap het 99% aangedui dat hulle die beginsel van groeiende outonomie vir die Wes-Kaap ondersteun. AfriForum het gevolglik op grond van ons strewe na 'n volwaardige federale bestel reeds begin om gesprekke met Khoisan-/bruin groeperings en ander rolspelers te voer.

### #VatJouTaalTerug

Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor ons kultuur en taal, asook al die gemeenskappe wat Afrikaans besig, om toe te sien dat dié taal nie net beskerm word nie, maar ook uitgebou word. Ter bevordering van Afrikaans is AfriForum betrokke by die uitbou van Bewegingsinisiatiewe soos Maroela Media en Kraal Uitgewers, en is Afrikaanse produksiehuise soos Forum Films en Dapper Media tot stand gebring. Die nuutgestigte AfriForum Teater sal ook as gemeenskapsteater 'n rol speel om 'n tuiste vir Afrikaanse kunste te bied.

### #VatWedersydseRespekTerug

Die bevordering van wedersydse erkenning en respek tussen kultuurgemeenskappe is een van AfriForum se kerndoelwitte. Dit is die regte ding om te doen, maar ook van sleutelbelang indien ons vir ons nageslag 'n vreedsame toekoms daar wil stel. Ons huiwer nie om rassistiese politici wat polariserende uitsprake maak in die howe aan te vat nie. Terwyl ons hierteen veg, bou ons aan die herlewing van die goeie verhoudinge wat ons Voortrekker-voorgeslagte met van die ander kultuurgroepe gebou het. Rassekonflik het hierdie samewerking vir 'n tyd lank geskaad, maar dit kan herstel word. Daarom werk AfriForum tans reeds saam met verskeie tradisionele gemeenskappe wat onder andere Zoeloes en die Barolong insluit. Respek vir ander kultuurgemeenskappe vereis ook dat selfrespek onder Afrikaners herstel moet word. Ons kan trots wees op wie en wat ons is.

### #OnsKan

Bogenoemde is maar enkele voorbeelde hoe AfriForum se lede meewerk om ons toekoms terug te vat. Dit is bevrydend om te weet dat ons toekoms nie uitgelewer is aan 'n plunderende sentrale regering nie. Daar is hoop vir ons en ons nageslag om blywend vry, veilig en voorspoedig hier aan die suidpunt van Afrika voort te bestaan, want ons wil, kan en sal daarin slaag om ons toekoms terug te vat.

